## PERSPEKTIEF

*Vir elkeen wat met kulturele bedrywighede gemoeid is was die kultuursaamtrek in die eeufeesjaar van die P.U. vir C.H.O. 'n verfrissing en verdieping: laasgenoemde is bewerkstellig deur hernude besinning en eersgenoemde deur aangebode perspektiewe. Dit is m.i. die hoofstrekking van die referate wat in hierdie bundel opgeneem is.*

*Die mens se kultuur strek tot die verste horisonne, begrens alleenlik deur die boog van die uitspansel. Dit is so onomsluitbaar soos die menslike gees self. En tog lê dit so naby aan die hart van elkeen dat die hoogste offer van goed en bloed op die altaar van kultuur gelê is. Dit is ongetwyfeld die magtigste faktor in 'n persoon of 'n volk se bestaan. Elkeen leef in en deur sy kultuur. Hierdie feit spreek uit elkeen van die beskouings in hierdie uitgawe.*

*Om die leser op te skerp in sy beoordeling van die verskillende menings wat aan hom voorgehou word, wys ek op die eienaardige verskynsel van teenstellings of spannings in die aard van kultuur. Sonder om aanspraak te maak op volledigheid noem ek die volgende karakteriserings daarvan om dan oor elkeen 'n paar gedagtes uit te spreek:*

*Differensiasie en gemeenskaplikheid,*
*die persoonlike en die algemene,*
*die praktiese en die geestelike,*
*die beperktheid en die omvangrykheid,*
*die rasionele en die emosionele,*
*die veranderlikheid en die konstantheid,*
*die eiesoortigheid en die akkumulatiewe.*

Differensiasie en gemeenskaplikheid — *dis die twee pole waartussen die kultuurgoedere van die afsonderlike volke rondgeslinger word. Aan die een kant is daar die liefde en koestering van wat histories eie is aan die persoon en sy volk, en beskou hy dit as die patroon van sy bestaan wat hom onderskei van ander persone of volkere, en is hy of sy volk selfs bereid om te ly en te veg vir sy eie. Maar net so sterk is die waarheid dat die beskawings-*

*patroon — en inhoud van die verskillende volkere 'n nabye of vergeleë gemeenskaplike oorsprong het. Gevolglik is baie van die geliefkoosde eie 'n erfenis wat deur vele gedeel word, al lyk dit ook oppervlakkig of daar soveel verskil is.*

Die persoonlike en die algemene. *Hierdie differensiasie en gemeenskaplikheid ontstaan hoofsaaklik deur die verbinding van kultuur aan die persoon, en daarom sal dit dieselfde wesentlike trekke vertoon as die verskil tussen een persoon en die ander en een groep en 'n ander. Dit is gesetel in die persoon, maar behoort ook aan die groep en die volk. Wie kultuur wil bestudeer moet dit dus by die persoon sowel as die groep gaan soek. Eienaardig genoeg is dit dus eg persoonlik en eg algemeen, die persoon se kultuur vind sy vergestalting in die algemene idees van die groep, en die groep se kultuur vind vorm by die persoon.*

Die praktiese en die geestelike. *Hierdie twee fasette wat in werklikheid so nou aan mekaar verbonde is, word soms so afsonderlik beskou dat hulle skynbaar in stryd met mekaar is, en selfs onversoenlik gedefinieer word: vir sommige vakkundiges op die gebied van kultuur is die uiterlik sigbare die ware openbaring van kultuur, terwyl vir andere die geestelike agtergrond daarvan deurslaggewend is. Die waarheid lê natuurlik by albei.*

Die beperktheid en die omvangrykheid. *Die beperktheid van kultuur word veroorsaak deur die beperkinge van die menslike gees. Elke mens kan maar net 'n klein deeltjie van die magtige kultuurwêreld absorbeer, en selfs in sy eie bydrae lê hierdie beperkings hom by. Maar daarteenoor het die mens in al die eeue van sy verblyf op die aarde soveel aan kultuur georden dat daar geen einde is aan die afmetings daarvan nie, tewens, soveel is al begrawe onder stof en klip en soveel word ongemerk aan die vergetelheid oorgegee, dat die omvang reeds net as 'n idee bestaan en nie meer as 'n kenbare werklikheid nie. Ons nasionale kultuur moet ongetwyfeld as beperk teen die geweldige omvang van die groot kultuur gesien word.*

**Die rasionele en die emosionele.** *Omdat kultuur die produk van die mens is sal hy ook die karaktertrekke van die mens se geestesstruktuur vertoon. Beide in die voortbrenging en in die waardebepaling sal die elemente van verstand en emosie aanwesig wees. Ek twyfel selfs of in die wetenskaplike studie daarvan (waar die rede die hoofrol speel) die emosionele buite rekening gelaat kan word. Ook in Kultuurkunde moet daar ruimte vir albei wees, anders kan die werklike diepte van 'n kultuur nie gepeil word nie. Komende van die mens is die „hart" sowel as die verstand bepalende faktore; dit is selfs moontlik dat die gevoelselement oorwegend is. Ons sou dit ook kan stel dat die rasionele die berekenbare, en die emosionele die onberekenbare komponente is. Kultuur moet dus met die hele persoonlikheid benader word.*

**Veranderlikheid en konstantheid.** *In die evaluasie van kultuur is een van die moeilikste faktore die nimmereindigende verandering daarvan beide ten opsigte van vorm en inhoud. Binne die kort bestek van een dekade kan kultuurfasette ontstaan of verdwyn selfs in so 'n mate dat dieselfde persoonlike of groepskultuur onherkenbaar verander. Vir die student wat eeue later kom is dit 'n baie groot probleem, want die oorsake van sodanige veranderings is nie altyd bepaalbaar nie. Kultuur is broos in baie opsigte, verbrokkel maklik en word deur die mens se geestesinstelling heen en weer geswaai. In die hedendaagse kultuur merk ons dit elke dag op, maar is moeilik te verklaar as dit ver in die verlede lê. En tog is kultuur in ander opsigte onvernietigbaar, bly dit staan as monumente van tasbare materiaal of as geestesgoedere. Die „erfenis"-karakter daarvan is so koesterend en gerusstellend; dit vorm ankers in die lewe, dit bring kontinuiteit, dit gee patroon en styl; dit stel duursaamheid teenoor die broosheid. Dink maar aan al die werklike rigtinggewende kragte werksaam in die mens — almal erfgoedere.*

**Eiesoortigheid en akkumulasie.** *Wanneer die kultuur van 'n ou beskawingsgroep onder die bedek-*

*kende grond en klip opgediep word, is die mees opvallende feit die eiesoortigheid van afsonderlike kultuur aan die een kant, en die akkumulatiewe karakter van kultuur aan die ander kant. Hier dink ek as voorbeeld aan die opgrawings in Babelonië. Die een laag verteenwoordig 'n bepaalde kultuur terwyl 'n volgende laag 'n ander een aandui: duidelik onderskeibaar, maar tog met baie punte van ooreenkoms. Dit is maar net 'n bewys dat beskawing en kultuur soos golfslae akkumuleer, en dan uitkristalliseer in eiesoortigheid. Dit is nou die deskundige se werk om hierdie twee aspekte in 'n bepaalde kultuur uit te sorteer.*

*Wanneer die artikels in hierdie uitgawe noukeurig deurgelees word, sal al hierdie karaktertrekke van kultuur in fyn besonderhede tot die leser spreek. Maar veral het ons 'n aanvoeling vir en belangstelling in ons eie Afrikaanse kultuur. Dit is egter 'n groot fout van baie kenners van die Afrikaanse kultuur om op die oppervlakte te skim sonder die diepere grondslag van kultuur in sy wye verband in ag te neem. Dit verg van die mens 'n prinsipiële deurvorsing. Die hoofsaak is nie 'n inventaris van wat die Afrikaanse kultuur behels of histories gesien verwerf het nie, maar 'n begrip van die bron waaruit die kultuur ontspring. Dan eers kan die bewegingslyne en vergestalting nagespeur word.*

*In die departement Kultuurkunde aan die P.U. vir C.H.O. word 'n besonder belangrike wetenskaplike taak verrig. Kultuur word tot sy diepste bestaan ontleed en die Afrikaanse kultuur in 'n perspektief gesien soos nooit tevore of nêrens elders nie. Hierbenewens word gebou aan 'n Christelike siening van die belangrikste aktiwiteit van die mens — die volvoering van sy kultuur- en ordeningsopdrag. Vanaf die kruine van dié verhewe uitsig kan perspektiewe vir alle kultuurleiers oopgetower word en kan leiding met kundigheid, deurdagtheid en koersvastheid uitstraal.*

W. N. Coetzee.